


Ongelooftlike Daisy!




Nozizwe Herero • Siya Masuku • Leona Ingram

Ongelooflike Daisy!

Hierdie boek behoort aan







Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative professionals who volunteer to create new, African storybooks that anyone can freely translate and distribute. To find out more, and to download beautiful, print-ready books, visit bookdash.org.

Ongelooflike Daisy!

Written by Nozizwe Herero

Illustrated by Siya Masuku

Designed by Leona Ingram

Translated by Nal'ibali

with the help of the Book Dash participants in Johannesburg on 27 June 2015.

ISBN: 978-1-928377-60-3

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence (<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>). You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

Attribution: You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.

No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.

Notices: You do not have to comply with the license for elements of the material in the public domain or where your use is permitted by an applicable exception or limitation.


No warranties are given. The license may not give you all of the permissions necessary for your intended use. For example, other rights such as publicity, privacy, or moral rights may limit how you use the material.

Ongelooflike Daisy!




Nozizwe Herero • Siya Masuku • Leona Ingram


Eendag het daar 'n hoender met die naam Daisy op 'n klein plasië naby 'n klein dorpie gewoon.



“Wanneer ek eendag groot is, wil ek hoog in die lug rondvlieg,” sê Daisy.





Maar al die ander hoenders lag vir haar.



“Jy’s so vreemd,” sê hulle. “Ons gaan nie meer met jou speel nie.”

“Daisy, ons kan almal ons vlerke klap, maar dit is baie moeilik vir hoenders om te vlieg,” sê Mamma vir haar.





Maar Daisy gee nie moed
op nie.

Sy oefen elke dag op haar
eie om haar vlerke te klap.


Klap, klap, klap – sy klap
haar vlerke, maar sy bly op
die grond.



Terwyl sy oefen, verbeel sy haar dat sy hoog bo in die lug rondvlieg en na die hoenders onder haar kyk.

Sy verbeel haar dat sy verby die mossies en verby die swaeltjies vlieg.

“Sjoe!” roep die voëls. “’n Hoender wat kan vlieg!”




So klap, klap, klap Daisy elke dag haar vlerke.


Sy lig van die grond af op, maar val weer terug.



“Ek sal nooit kan vlieg nie!” huil Daisy by Mamma. “Die ander is reg.”

“Daisy, jy is anders as die ander hoenders. Hulle wil nie vlieg nie, maar jy wil! Jy kan dit doen,” sê Mamma.






Die volgende dag klim Daisy tot bo-op die hoenderhoek en – klap, klap, klap – klap sy haar vlerke.

Sy vlieg in die lug op en klap haar vlerke ...

en klap haar vlerke ...

en klap haar vlerke en ...

KADOEF!



Die ander hoenders
lag hardop.

“Ha, ha, ha! Ons
het jou gesê hoenders kan
nie vlieg nie!”



Maar die volgende dag
klim Daisy nog hoër, tot
bo-op die rondawel.



Klap, klap, klap – klap
Daisy haar vlerke.



Sy vlieg in die lug op en klap haar vlerke
... en klap haar vlerke ... en klap haar
vlerke en ...







... hou aan vlieg!

Die wind onder haar vlerke word
sterker en sterker, en sy vlieg
hoër en hoër!

Die mossies en die swaeltjies sê:
“Ongelooflik! 'n Hoender wat
kan vlieg!”



En die ander hoenders wil net
soos sy wees.

Hulle sê: "O Daisy, jy's
ongelooflik!"

